[7]

TELEFOON 30539

# DIE RAPPORTRYERSKORPS

VAN Rapportryerskorps van Hartbeespoort

GEAFFILIEER BY
DIE FEDERASIE VAN
RAPPORTRYERSKORPSE

ADRES Posbus 806
HARTBEESPOORT 0216

DATUM 2 April 1992

Die Voorsitter
Kodesa
Posbus 307
ISANDO
1600

AFRIKAANS BY KODESA

Ons wil graag ook van hierdie skrywe gebruik maak om 'n woord van dank en waardering uit te spreek, vir die grootse poging wat by Kodesa aangewend word, om vrede tevredenheid en stabiliteit in 'n Nuwe Suid-Afrika te bewerkstellig.

Wees verseker dat ons in ons gebede aan u en u werksaamhede dink, en mag u almal krag seën en wysheid ontvang om suksesvol te onderhandel.

Ons as Rapportryers is egter besorg oor die feit dat Afrikaans skynbaar nie reeds 'n plek by Kodesa het nie.

Ons het begrip daarvoor dat effektiewe kommunikasie prioriteit moet geniet, en dat waar alle partye nie Afrikaans kan verstaan nie, die dialoog en onderhandeling skade kan lei.

Ons versoek is dat Afrikaans ten minste as 'n amptelike kommunikasiemedium by Kodesa erken sal word, en dat notules en verslae van die werkgroepe in albei amptelike landstale geskryf en gepubliseer sal word.

Verder is dit vir ons baie belangrik om nie as Afrikaners in 'n Nuwe Suid-Afrika soos vreemdelinge te voel nie. Daarom pleit ons dringend dat Afrikaans na Kodesa nog steeds 'n amptelike taal sal wees.

Baie dankie vir u aandag.

Rapportryergroete

Die uwe

J. Heerden

W J VAN HEERDEN
SEKRETARIS